

**DOELWIT:** Lees, interpreteer en teken 'n sirkelgrafiek.

**HULPBRONNE:** Skryfpapier; Skryfbehoeftes; Potloodpasser; Internet

**LES:**

**1. Hoofreken:**

Doen die volgende somme (mondelings/skriftelik).

$8 \times 2 =$	$72 \div 12 =$	$22 \div 11 =$	$8 \times 12 =$
$11 \times 2 =$	$6 \times 11 =$	$6 \times 8 =$	$3 \div 3 =$
$36 \div 3 =$	$28 \div 4 =$	$3 \times 2 =$	$4 \times 3 =$
$8 \times 8 =$	$28 \div 4 =$	$9 \times 7 =$	$30 \div 6 =$
$2 \times 1 =$	$6 \times 11 =$	$18 \div 6 =$	$6 \times 11 =$



**2. Aktiwiteite:**

2.1. Ons gaan vandag net op **sirkelgrafieke** fokus.

**BELANGRIKE KONSEPTE:**


- 'n **Sirkelgrafiek** kan ook 'n **sektordiagram** genoem word.
- Die grafiek is **rond** (sirkelvormig).
- Die sirkelvorm bestaan uit verskillende **breukdele** (stukke).
- Die verskillende **breukdele** word ook **sektore** genoem.
- Elke breukdeel/sektor stel 'n ander item/soort voor.

**VOORBEELDE:**

Let op watter elemente (dinge) moet teenwoordig wees:


A)

**Jan se daaglikse drankies**



B)

**Gr.6-leerders se gunsteling musiek**



2.2. Gebruik die bogenoemde sirkelgrafieke om die volgende vrae te beantwoord.

- 2.2.1. a) Hoeveel drankies drink Jan per dag?  
b) Wat is Jan se gunsteling drankie?  
c) Watter breukdeel van die drankies is water?  
d) Watter breukdeel van die drankies is tee?  
e) Watter breukdeel van die drankies is sap?
- 2.2.2. a) Watter data word op Grafiek B aangedui?  
b) Watter persentasie van die leerders hou van "Rap"-musiek?  
c) Watter musiek is die gewildste?  
d) Watter musiek is die minste gewild?  
e) Watter persentasie van die leerders hou nie van Geestelike musiek nie?  
f) Watter breukdeel van die leerders hou van Boere musiek?

2.3. Jy gaan nou jou eie **sirkelgrafiek teken**. Gebruik die onderstaande data:

Gr.6-leerders se gunsteling vakke	
VAKKE	AANTAL LEERDERS
Wiskunde	12
Engels	3
Afrikaans	3
Natuurwetenskappe & Tegnologie (NWT)	6



### STAPPE OM TE VOLG:

- Skryf 'n opskrif.
- Bereken hoeveel leerders het aan die opname deelgeneem.
- Bereken watter breukdeel van die leerders hou van elke vak. Skryf die breuke in die eenvoudigste vorm.
- Gebruik jou potloodpasser en teken 'n sirkel (nie reusagtig nie).  
Klik op die onderstaande video om jou te help.



**Hoe om 'n potloodpasser te gebruik:** <https://www.youtube.com/watch?v=02XRad7s1lo>

- Verdeel jou sirkel in die verskillende breukdele wat jy bereken het.
- Kleur elke breukdeel met ander kleur in.
- Skryf 'n sleutel om aan te dui watter vak deur elke kleur van die grafiek voorgestel word.

### ANTWOORDE:

1. Hoofreken:

$$\begin{array}{cccc} 8 \times 2 = 16 & 72 \div 12 = 6 & 22 \div 11 = 2 & 8 \times 12 = 96 \\ 11 \times 2 = 22 & 6 \times 11 = 66 & 6 \times 8 = 48 & 3 \div 3 = 1 \\ 36 \div 3 = 12 & 28 \div 4 = 7 & 3 \times 2 = 6 & 4 \times 3 = 12 \\ 8 \times 8 = 64 & 28 \div 4 = 7 & 9 \times 7 = 63 & 30 \div 6 = 5 \\ 2 \times 1 = 2 & 6 \times 11 = 66 & 18 \div 6 = 3 & 6 \times 11 = 66 \end{array}$$

## 2. Aktiwiteite:


- 2.2.1. a) 12 drankies  
 b) Water  
 c) 6 uit 12 drankies =  $\frac{6}{12}$  of  $\frac{3}{6}$  of  $\frac{2}{4}$  of  $\frac{1}{2}$  (antwoord moet 'n breukdeel wees)  
 d) 2 uit 12 drankies =  $\frac{2}{12}$  of  $\frac{1}{6}$  (antwoord moet 'n breukdeel wees)  
 e) 4 uit 12 drankies =  $\frac{4}{12}$  of  $\frac{2}{6}$  of  $\frac{1}{3}$  (antwoord moet 'n breukdeel wees)

- 2.2.2. a) Gr.6-leerders se gunsteling musiek  
 b) 25%  
 c) "Country"-musiek  
 d) Boere musiek  
 e) Totaal van sirkelgrafiek 100% – 15% hou van Geestelike musiek  
 = 85% hou nie van Geestelike musiek nie  
 f) 10% van 100% hou van Boere musiek  
 10 uit 100 =  $\frac{10}{100}$  of  $\frac{5}{50}$  of  $\frac{1}{10}$  (antwoord moet 'n breukdeel wees)

2.3. **Aantal leerders** deelgeneem aan opname: 12 + 3 + 3 + 6 = **24**

### Breukdele:

Wiskunde 12 uit 24 =  $\frac{1}{2}$       Engels 3 uit 24 =  $\frac{1}{8}$       NWT 6 uit 24 =  $\frac{1}{4}$       Afrikaans 3 uit 24 =  $\frac{1}{8}$



Ronde sirkel  
 Netjiese werk

Merk jou sirkelgrafiek en gee vir jouself 'n punt. Gebruik die onderstaande rubriek:

Kriteria	Punttoekening	Jou punt
Beskrywende opskrif (met 'n WIE en 'n WAT)	2	
Ronde sirkel	1	
Breukdele korrek geteken	4	
Sleutel (met vier verskillende kleure)	4	
Netjiese werk	1	
<b>TOTAAL</b>	<b>12</b>	

Geniet jou naweek!

